

UITTREKSEL

In hul “Gold Paper” No.7 (1990:6) gee die Internasionale Skakelvereniging (IPRA) herkenning aan twee skole oor opleiding en onderrig vir die skakelwese: die een dat dit ter voorbereiding is vir die praktisyn en die ander dat dit ter voorbereiding is vir bestuur. Hierdie twee benaderings volg die modelle vir opleiding vir die skakelwese van die VSA en Europa, respektiewelik. Die twee benaderings verskil aansienlik. Tersiêre onderrig in Suid-Afrika volg albei hierdie modelle: universiteite gebruik die Europese model en die teknikons dié van die VSA. Dit het gelei tot verwarring in die bedryf en gevolglik kry gekwalifiseerdes van beide universiteite en teknikons dikwels nie die erkenning wat hulle toekom nie. Dit lei ook daartoe dat die skakelwese nie sy volle potensiaal bereik nie. Hiermee saam is daar grondige probleme in skakelwese self – soos die gebrek aan noukeurige omskrywing asook wetenskaplike status en professionalisme.

Suid-Afrika voer tans uitkomsgebaseerde onderrig in by alle tertiêre opleidingsinstansies. Die instelling van ‘n spesifieke leerplanfilosofie, soos die uitkomsgebaseerde-onderrig, sal oor die algemeen problematies wees as gevolg van bestaande fundamentele probleme in die skakelwese. Dit is egter veral waar binne die Suid-Afrikaanse konteks waar albei hierdie benaderings ten opsigte van onderrig in die skakelwese gebruik word. Derhalwe poog hierdie studie om sinvolle riglyne te verskaf vir uitkomsgebaseerde-leerplanne in die skakelwese op teknikon vlak.

Die opstel van ‘n stel riglyne vir teknikon onderrig in die skakelwese sal, soos onder aangedui, op verskeie gebiede van waarde wees:-

- (1) Die verwarring in die Suid-Afrikaanse bedryf ten opsigte van erkenning vir die kundigheid van skakelwese-gegraduateerdes kan verminder word.
- (2) Die weg kan voorberei word vir die akkreditering van gekwalifiseerdes in die skakelbedryf.
- (3) Geleenthede vir gekwalifiseerdes om bestuursposte te kry, om toegelaat te word tot die topbestuur van organisasies asook om die “Excellence Model” van die skakelwese te bedryf, sal meer beskikbaar raak.
- (4) Navorsing sal meer teoreties gebaseer wees en sal moontlik in volume toeneem en ‘n sinvolle bydrae maak tot die ontwikkeling in Suid-Afrika.

- (5) Die moontlikheid dat die fundamentele probleme in skakelwese aangespreek sal word sal verbeter en sodoende 'n betekenisvolle bydrae tot die bedryf in die algemeen maak.
- (6) Die doelwit van die Witskrif (1997) dat die Suid-Afrikaanse tersiêre onderriginstansies hul funksie ekonomies en effektief sal uitvoer sal bereik kan word.

Om die hoofdoel te bereik, sal huidige benaderings tot onderrig op tersiêre vlak van die skakelwese geanaliseer en evalueer word op verskeie vlakke: tekortkominge en sterkpunte in die huidige leerplanperspektiewe vir tersiêre opleiding van skakelpersone sal geïdentifiseer word; die impak van die onderrigkonteks op leerplanne vir technikon onderrig vir die skakelwese sal geanaliseer word; en 'n teoretiese raamwerk sal ontwerp word om groter insig te kry in die konteks van opleiding van skakelpersone op technikon tersiêre vlak.

Die voorafgaande verskaf inligting vir die samestelling van riglyne en voorstelle vir uitkomsgebaseerde technikon onderrig vir die skakelwese in Suid-Afrika.

